

Les 15

Johannes 6: 60 - 71

1. Inleiding

Vandag sien ons ook die murmurering onder die dissipels. Maar van hierdie dissipels is uiteindelik ook in 'n hoek. In hierdie hoek maak Petrus een van sy belangrike uitsprake. Christus antwoord uiteindelik dat Hy 12 dissipels gekies het, maar selfs in hierdie kring is die bese teenwoordig.

2. Wie is die dissipels?

Die term dissipels word gebruik in 'n wye gebruik in die Johannes evangelie. Die het toepassing in hierdie teksgedeelte op mense wat in lyn met Petrus (vers 68) ware volgelingen is. Maar dit het ook toepassing op die mense wat wegdraai en Christus se woorde, en Homself nie aanvaar nie (vers 64).

3. Die Gees, die lewe en die vals gelowige

Daar is die gevoel in vers 62 dat mense vir Christus sal sien opvaar na die hemel, maar dat dit te laat sal wees om tot geloof te kom. Dit idee van "voorheen was" openbaar duidelik dat Christus van die Vader af gekom het. Verder begin die rol van die Heilige Gees geopenbaar word. Baie van die beskrywings in verband met Christus word beide vir Christus en vir die Heilige Gees gebruik. Soos bv. Die Gees is lewe-gewende water (Joh 7:38-39), Jesus is die lewende water (Joh 4:10-14), Die Gees is die Gees van waarheid (Joh 14:17) en Jesus is die waarheid (Joh 14:6). Daarom dan ook in vers 63 die Gees gee lewe. Daarom is hierdie vers 'n belangrike gedeelte in die openbaring oor die drie-eenheid.

Die groep vals gelowiges word op die einde geresideer tot een, naamlik Judas. In ongeloof, bly die vlakke van ongeloof 'n misterie. Uiteindelik is dit wel weereens duidelik uit vers 65 dat dit nie 'n gevalle mensdom is wat God soek nie (vers 44), dit die God wat die mens kom opsoek.

4. Dissipels word Apostels

Daar word algemeen in die geloof 'n onderskeid gemaak tussen die term dissipel en Apostel. Dissipel word gesien as 'n volgeling of aanhanger, daarom dat dit ook soms 'n konteks buite die geloof gebruik word. Maar onder die term Apostel word gewoonlik iemand bedoel wat 'n oog en oor getuie was van Christus. En dan deur Christus gekies is om juis die evangelie uit te dra die wêreld in. Vers 67 is die eerste van 'n paar verwysings na die groep Apostels as die twaalf.

Uit die 12 is dit in vers 68 Petrus wat antwoord. Hy is op hierdie stadium iets van die woordvoerder van die 12. Tog impliseer dit nie noodwendig dat hy die leier van die twaalf is nie.

5. Geloof in die woorde en persoon

In die Christelike geloof word die waarheid bevat in beide die persoon van Christus en in Sy woorde. Die evangelie is beide die woorde en die persoon van Christus. Daarom is die geloof ook beide in die woorde van Christus en in Christus as persoon self. Petrus bely iets hiervan in vers 68 en 69.

6. Goddelike uitverkiesing

In vers 70 sien ons weer 'n keer die klem op die Goddelike uitverkiesing van dissipels. Tog bring die vraag in vers 67 spanning. Die spanning wat daar altyd bestaan tussen Goddelike uitverkiesing en menslike vrywilligheid. Dit bly die twee kante van die verbond.

Laastens kyk ons na die veroordeling van een van die 12. Hierdie veroordeelde is Judas Iskariot wat Christus in ves 70 'n duiwel noem. En omdat hier nie 'n bepaalde lidwoord is nie, wonder 'n mens presies wat hier bedoel word. Die griekse woord *diabolos* word gebruik. Dit is dieselfde woord as wat gebruik word in 1 Timoteus 3 in verband met iemand wat kwaadstook. Dit is wat ons in Afrikaans vertaal met duiwel. Maar in lyn met die kwaadstoker idee verwys ons ook soms na die groot aanklaer.

7. Teksverwysings

- a) Matteus 13: 1 - 9
- b) Markus 10: 35 - 45
- c) Lukas 9:46 - 47
- d) Filippense 2: 10 -11
- e) Efesiërs 4:11
- f) 1 Timoteus 3:11
- g) Openbaring 20:2

8. Vrae

1. Verduidelik die verskil tussen dissipels en apostels, en brei ook uit watter twee van hierdie ampte bestaan steeds vandag (Vgl Eff 4:11)?

2. Wat is die verskil tussen 'n ware en valse gelowige (Matteus 13)?

3. Wat leer die Bybel in Christus aan ons oor karakter, dade en die uitspraak wat iemand maak?

4. Hoe werk menslike wil in die Gereformeerde beskouing van uitverkiesing?

5. Wat verstaan ons onder die term of konsep duiwel en satan?

9. Bronne

1. Utley, R. J. (1999). [*The Beloved Disciple's Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John*](#) (Vol. Volume 4). Marshall, Texas: Bible Lessons International.